N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Beste Lidmaat

Hervatting van eredienste vanaf Sondag 4 Oktober 2020 om 09:00 by die N.G. Gemeente Oudtshoorn-Welgeluk .

Daar is 'n Afrika – spreekwoord wat die volgende sê: "As die ritme van die tromme verander, moet jy jou danspassies aanpas."

In 2020 het die ritme van die tromme aansienlik verander en is ons gedwing, of ons daarvan hou of nie, om ons danspassies daarby aan te pas.

Ons het aangepas en ons is nog hier om ons storie te vertel. 'n Storie van hoop, omgee, liefde en geloof. Dit is ook die storie van die God se kerk op aarde.

Met die jongste inligting tot ons beskikking het die kerkraad van N.G. Gemeente Oudtshoorn – Welgeluk op Dinsdag 22 September 2020 besluit dat, onderhewig aan die bepalings van die vlak 1 inperkings-regulasies op byeenkomstes, eredienste in die kerkgebou op **Sondag 4 Oktober 2020 hervat sal word.**

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Die volgende protokol sal van toepassing wees:

- Die eredienstes begin om 09:00 (Somertyd);
- Lidmate met onderliggende kormorbiteite word versoek, om in hul eie en ander se belang, nie die dienste by te woon nie;
- Daar mag nie tydens eredienste gesing word nie, en daar mag ook nie tee en koffie na die tyd bedien word nie;
- Daar sal ook geen kategese wees nie;
- Reëlings sal met die belydenisklas getref word;
- Elkeen wat die erediens bywoon moet te alle tye ‘n masker dra en hande moet gesaniteer word;
- Sosiale afstande moet te alle tye gehandhaaf word en sitplekke sal gemerk wees in die kerkgebou, en
- Gesinne mag wel bymekaar sit.

Baie dankie vir u samewerking in die verband.

Dit is voorwaar ‘n tyd van groot verandering en opoffering, maar die Here is getrou aan Sy woord en daaraan kan ons vashou in die tyd.

Vriendelike groete

Andries Potgieter
044 272 5286
084 514 2178